**HERDENKINGSGELEENTHEID**

Die Universiteit Stellenbosch (US) het op Erfenisdag (Vrydag, 24 September 2021) ’n herdenkingsgeleentheid by die Tygerberg-hospitaal gehou waar die Tiervlei-gemeenskap hul verhale oor Hardekraaltjie-begraafplaas gedeel het.

Die US se Viserektor vir Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, **prof Nico Koopman**, het by die geleentheid gesê ons neem aan die universele menslike praktyk deel om saam te “*re-member*” (“heronthou” in Afrikaans). “Eens ’n lid, altyd ’n lid, op hierdie dag “*re-member*” (onhou) ons die verlede, die mense van die verlede, die praktyke van die verlede, die plekke van die verlede, die plesier en vreugdes van die verlede, die pyn en seerkry van die verlede. Ons onthou die verlede, ons weerstaan geheueverlies en vergeetagtigheid en saam omarm ons herinneringe en genesing. Maar op hierdie dag onthou ons ook die mense van die hede, huidige praktyke en plekke, en ook die pyn en vreugdes van die hede. Ons weerstaan apatie en onaktiwiteit en saam omarm ons aandagpyn wat tot aksie lei.

“Ons kyk met nuwe oë na die toekoms, die mense wat nog moet kom, die praktyke en plekke wat ons in die toekoms wil sien, asook toekomstige plesier en vreugdes en pyn en seerkry. Ja, ons kyk na die toekoms, daarom weerstaan ons mismoedigheid. Saam omarm ons hoop en verwagting, asook verbeelding en innovasie.

“Ons is saam op hierdie spesifieke terrein waar onthou nodig is, wat verbeelding, aandagpyn en aksie nodig het. Ons wil saam vorentoe beweeg as vennote wat verskeie rolspelers, die Universiteit, die Fakulteit, die gemeenskap, regeringsliggame, die munisipaliteit, provinsiale regering en nasionale erfenisagentskappe insluit. Ons wil op hierdie reis gemeenskapsdeelname sien wat ons rigting bepaal. Ons wil ’n meegaande navorsingsproses hê sodat ons saam deur vertellings, verhale en wetenskaplike werk ’n omvattende historiese, wetenskaplike en geneeskundige narratief vir hierdie terrein kan ontwikkel. Ons wil saam maniere vind om hierdie terrein te gedenk as ’n ruimte waar restitusie en genesing van herinneringe bevorder word; as ’n terrein van waar herstellende praktyke in werking gestel en uitgevoer word; as ’n terrein waar daar oor nuwe moontlikhede gedroom en nagestreef word. Ons wil oor die volgende paar jaar die grondslag van hierdie gesamentlike reis van die onderskeie rolspelers versterk.

“Ons wil ’n nederige, hoogsonderrigbare vennoot op hierdie reis wees.”

**Prof Aslam Fataar**, wat die programdirekteur by die geleentheid was, het beklemtoon dat die geleentheid nie die begin van die proses was nie, aangesien dit nooit tot ’n einde gekom het nie. “Dit is ’n nuwe, produktiewer fase van ’n proses wat nie produktief en inklusief was nie. Die proses gaan nou vorentoe om ons menslikheid (*humanisation*) te ontdek en te herontdek. Dit is ’n proses van her-vermensliking (*re-humanisation*).

Verskeie rolspelers en gemeenskapsleiers het hul ervarings en herwinninge by die geleentheid gedeel.

**Mnr Jakobus (Kosie) Tromp** het die ontoereikenheid van restitusie ná 1994 uitgewys en die diep seer en lyding wat mense onder apartheid gely het, beklemtoon.

**Mnr Daniël Dietrich** het vertel hoe hy onder meer by die argief begin navorsing doen het oor presies waar die begraafplaas was. Dietrich, wie se tannie en oupa by Hardekraaltjie begrawe was, het ’n roerende gedig wat hy geskryf het, voorgedra, terwyl **mnr Bennie Parring** vertel het dat hy twee ouer broers gehad wat ook by Hardekraaltjie begrawe was en die terrein saam met sy ouers besoek het, in die gebied gaan hout kap het en hoe mense daar begrawe is nadat hulle op ’n donkiekar aangery is van die kerk af.

**Ds Daniel (Piet) Bester** het in 1962 in die gebied begin werk. Hy het ’n besorgdheid uitgespreek oor die toekoms en veral of jongmense geïnteresseerd gaan wees in wat daar gaan gebeur. “Hier lê nie net bene nie, hier lê seer. Seer gaan nie in ’n dag dood nie.” Hy het bygevoeg dat “ons ywer” ’n monument kan wees vir jongmense van die toekoms. “Hier moet iets staan wat ons mense sal herinner van gister, van eergister en aan ander dag en dat hul sê: ‘Baie dankie wat julle gedoen het.’”

**Me Erica Jacobs** se ouers het in die 1940’s in die gebied aangekom. In haar loopbaan het sy probeer kyk hoe daar investering in die gemeenskap van Ravensmead kan wees sodat kinders van dié gemeenskap ook aan die US kan studeer. “Die ongeluk van die saak is dat hierdie generasie op generasie van pyn beteken

dat baie van ons kinders nie klaarmaak met skool nie, wat beteken dat hulle nie die geleentheid het wat baie kinders wat Stellenbosch toe kom, het nie. Ek vra nie, ek sê, dat daar baie gedoen kan word t.o.v. van die opbou van die gemeenskap." Sy het bygevoeg dat daar selfs in daardie tyd 'n bodorp en 'n onderdorp was. Nou is daar nie meer 'n bodorp nie. "Ons gemeenskap het verarm, in die families in die tien laaste jaar wat ek van bewus is, is daar soveel meer hartseer. Daar is ten minste drie tot vier kinders of jongmense wat elke naweek geskiet word. So ek vra dat hierdie proses nie net 'n 'occasion' is nie, maar dat daar langtermyninvestering in die gemeenskap van Ravensmead sal wees."

**Mnr Johannes Sebastiaan** het gemeenskapslede bedank vir hul insette in die proses en ook die belangrikheid van iets agterlaat vir die diegene wat kom, beklemtoon.

**Pastoor George (Assie) Filander** het gevra dat 'n bord opgesit word sodat gemeenskappe wat kom, moet weet wat hier gebeur het. Hy het bygevoeg dat hy bly is dat die saak opgeneem word en dat dit nie by toesprake sal bly nie. "Dit is trane wat hier lê. Hier lê afdrukke op die sand van die tyd. Families lê hier begrawe."

**Dr Leslie van Rooi,** Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie, het gereageer en gesê dat uit die gesprekke iets hier opgerig moet word – sodat mense die kampus kan binnegaan om iets te kom onthou. "Ons wil ook meer verstaan van wat hier afgespeel het, wie hier begrawe is, hoe die storie rondom die begraafplaas uitgespeel het, wat gebeur het ná die hospitaal gebou is, hoe dit gekom het dat van die mense wat hier begrawe is, herbegrawe is." Ons wil ook soek na geleenthede om reg te maak en reg te stel saam met die hospitaal en PRASA." Hy het toegegee dat dit blyk dat die investering in skole nog nie goed genoeg is nie. En dat ons saam met skole en die gemeenskap moet kyk wat ons nog meer kan doen. "Daar is kinders van Ravensmead wat met groot sukses aan die Universiteit studeer en gestudeer het, maar natuurlik wil ons meer kan doen."

**Dr Therese Fish**, Visedekaan: Kliniese Dienste en Sosiale Impak van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW), het die behoefte aan die insameling en dokumentasie van inligting vir toekomstige geslagte beklemtoon – sodat hulle sal weet waar hulle vandaan kom.

**Prof Jimmy Volmink**, Dekaan van die FGGW, het vertel hoe mnr Diederichs, wat as 'n veiligheidswag by die fakulteit gewerk het, hom ingelig het oor Hardekraaltjie en dat van sy familielede daar begrawe was en dat hy onseker was oor wat van hul oorskot geword het.

"Ons het oor die verloop van baie jare verskeie mense by die Universiteit genader en in die argief van die Stad Kaapstad gesoek. Ons kon klein stukkies inligting kry, maar kon nie die hele prentjie vorm nie. Ons kon tot nou toe nog nie die prentjie voltooi nie, maar ek het hom belowe en ons is so bly dat ons vandag die volgende groot stap kan doen om met groter omsigtigheid en meer omvangryk werklik te kyk na wat hier gebeur het. Die belangrikste vennoot is die Tiervlei-gemeenskap. Ons hou by die beginsel dat 'ons niks oor ons sonder ons' doen nie."

"Ons wil beter verstaan, en u as die gemeenskap kan ons help om beter te verstaan. Saam wil ons terugeis wat verlore gegaan het, wil ons bewaar en wil ons herstel."

**Mnr Chefferino Fortuin**, 'n gemeenskapsleier wat navorsing oor die geskiedenis van Tiervlei doen, het by navraag gesê dat dit 'n mooi gebaar van die Universiteit is om die geleentheid gepas op Erfenisdag te hou, erkenning te gee aan die gemeenskap wat familielede hier begrawe het en om 'n proses te begin. "Ons sien as die gemeenskap uit daarna om hand aan hand met die Universiteit te werk om uiteindelik 'n monument hier te lê ter nagedagtenis aan ons families en 'n verlede wat moeilik en som genadeloos was teenoor ons families en gemeenskap. Ons besef ook daar is moeilike vrae wat beantwoord moet word soos die beendere. Ons waardeer juis die gebaar van die Universiteit wat praat van deursigtigheid en openlikheid om die geskiedenis nie te herskryf nie, maar aan te vul. Ons verlede is deel van die geskiedenis van die gebied."

**EINDE**